

5 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:12–17

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:15

Ons word soos wierook vir God deur Jesus gebrand

Dienaars en dienaressen van die heerlike blye boodskap van verlossing is soos wierook wat deur Christus vir God gebrand word. Christus word met hierdie vergelyking geskets as ons enigste Hoëpriester. Hy is voor God, sy Vader, besig om vir ons in te tree en ons belange te behartig. Hy pleit vir ons (ons is die wierook) wat hy voor die heilige God se aangesig omhoog hou.

Hoe lyk wierook wat voor God aanneemlik is? Dit is eerstens brandend, vuur en vlam onder leiding van sy Gees in die uitbreiding van die blye boodskap. Dit is tweedens broeders en susters wat nie ewe fatsoenlik in hul oorspronklike verpakking toegedraai bly nie, maar wat bereid is om opgebruik (opgebrand) te word in die triomftog van sy evangelie. Derdens is dit sondaars wat gered is deurdat hulle in die bloed van Jesus gedoop is en deurtrek is met die verlossende genade van God.

Waarom word ons soos wierook deur ons enigste Hoëpriester vir God gebrand? Hy wil deur ons 'n aangename geur versprei na alle mense toe. Ons taak is dus om aan almal die aangename geur van die blye boodskap van verlossing te bring, sodat elkeen die geur kan ruik. Vir hulle wat hulle rug op die evangelie draai, is die wierook 'n doodsreuk, 'n reuk tot die ewige dood. Vir hulle wat in geloof antwoord, is dit 'n lewensgeur wat 'n voorsmaak van die ewige lewe gee.

Wat sien God as hy kyk na die wierookbak wat Christus omhoog hou? Hoe lyk jy tussen al die ander wierook wat in die bak is? Verlos deur die bloed van die Hoëpriester, en daarom uit dank brandend vir sy evangelie – of onaangeraak?

Ds RM van der Merwe (Carletonville)